LUCILLE BOTHA lbotha@landbou.com

PLAASINLIGTING

LIGGING: Prince Alfred Hamlet, Wes-Kaap

KORTOM

- Daniël Goosen het 'n bemagtigingsprojek met vier van sy getroue werknemers aangepak.
- Die projek het geen finansiering van buite af nie, maar Kalos-boerdery het die aandele aan die werknemers geskenk.
- Hy wou graag die werkers help om 'n nalatenskap vir hul kinders te bou.

'Ons harte wou vir mense iets meer gee'

Mnr. Daniël en me. Lilian Goosen wou so graag hul werkers deel maak van die vreugde en voorspoed wat hulle uit die landbou put, dat hulle 'n gratis aandeel in 'n nuwe boerderyprojek aan vier mense gegee het.



Die vennote in Kaja-boerdery is van links agter, mnre. Daniël Goosen, Adriaan van Wyk en me. Koba Sass; voor: mnre. Arrie Matthys en Hannes Kamfer.

Wanneer jy 'n gesprek begin met boere wat kans sien om bemagtigingsprojekte aan te pak, begin 'n mens gewoonlik met een van die belangrike joernalistieke vrae: "Waarom?"

Vir mnr. Daniël Goosen, eienaar van Kalos Farming naby Prince Alfred Hamlet, is die antwoord maklik: "Ek was agttien jaar oud toe my pa oorlede is en moes plaas toe kom. Ek is aan die diep kant ingegooi, maar van dag een af was dit my passie. Ek het dit regtig geniet en baie vreugde uit die boerdery geput.

"Nou wil ek graag hê die vier werkers in die projek moet dieselfde ervaar. Hulle moet weet hoe dit voel om 'n stukkie grond te kan besit, om te voel dis myne en waarde daaruit te haal. Ek en my vrou, Lilian, wil hê hulle moet 'n nalatenskap vir hul kinders kan los," vertel hy.

Goosen is die vyfde geslag wat boer op 'n deel van die oorspronklike Waboomsrivier-plaas, waarop Prince Alfred Hamlet gestig is. Kalos beteken "dit wat intrinsiek goed, billik, mooi, prysenswaardig en edel" is. En Kaja-boerdery, hul bemagtigingsinisiatief, waarvoor die idee in 2015 ontstaan het, voldoen beslis aan hierdie beskrywing.

Die projek in 'n neutedop: Hulle het 63 ha van die plaas Perdefontein afgesny en oorgedra aan Kaja-boerdery, waarvan vier werknemers altesame 30% besit. Die werknemers – me. Koba Sass en mnre. Adriaan (Arrie) Matthys, Adriaan van Wyk en Hannes Kamfer – is lede van Jakkalsnek Farming (Edms.) Bpk.

Die naam Kaja het uit 'n samevoeging van Kalos en Jakkalsnek ontstaan. Daar is ook 'n werkerstrust, wat 5% van die wins sal kry. As enige van die aandeelhouers hul aandele wil verkoop, moet hulle dit eers aan die drie mede-aandeelhouers beskikbaar stel.

Kalos het die waterregte vir 40 ha aangekoop (waarmee hulle 25 ha kan aanplant) wat hulle aan Kaja oorgedra het. Die eerste 3 ha Forelle-pere en 5 ha nektariens is reeds op Kaja geplant. Uiteindelik sal die projek sowat 25 ha perskes, nektariens en pere beslaan.

"Die werkers in hierdie projek word behoorlik bevoordeel, want ons het geen eksterne finansiering gebruik nie, maar die aandele aan die mense geskenk. Hulle hoef nooit iets daarvoor terug te betaal nie. Ek is regtig die Here dankbaar dat ons dit so kon doen," vertel Goosen.

Ja, hulle het aanvanklik gewonder of daar nie terugbetalingsvoorwaardes moet wees nie.

"Maar ons het daarteen besluit, want dit was nie ons hart vir hierdie projek nie. Ons hart is om vir die vier mense en die werkers ietsie meer te gee as wat hulle tans het, dus het ons besluit om voluit daarvoor te gaan. Koba, Arrie, Adriaan en Hannes is almal van 40 tot 50 jaar oud, en ek wil vreugde vir die mense nog in hul leeftyd gee.

"As ons die projek op 'n leningsrekening moes doen, sou hulle eers die skuld moes terugbetaal, en dit duur tien, twintig jaar . . ." ▸



'n Plat nektarien-kultivar, wat tans baie gewild is, maak deel uit van die eerste aanplantings by Kaja-boerdery. Die steenvrugte word by Kalos verpak en deur Stems bemark.

Forelle-pere wat vanjaar aangeplant is. Die bome word opgelei met sementpale wat uit Italië ingevoer is. Houtpale is te dikwels in diewe se visier.

Wedersydse vertroue tussen die vennote is een van die eienskappe wat hul projek gaan laat werk, meen me. Koba Sass.

BETROUBAAR EN TOEGEWYD

Die besluit om net vier werkers by die projek te betrek, het gespruit uit die ervaring wat hulle met 'n ander projek opgedoen het. Dis 'n projek van die program vir die herverdeling van grond vir landbou-ontwikkeling (LRAD) waarvan die werkers 51% besit en kommersiële boere 49%. In hierdie geval het drie boerderye dit saam aangepak.

"Dis 'n suksesvolle projek, maar daar is groot getalle mense betrokke en te veel konflik. Ek het agtergekom nie almal het dieselfde siening vir die toekoms nie. Ek en Lilian het eerder gaan kyk na wie van ons mense 'n pad met ons stap en al verantwoordelikheid aanvaar het van die boerdery, al is dit nie hulle s'n nie. So het ons by Arrie, Koba, Adriaan en Hannes uitgekom."

Die vier is deur die bank mense wat die groter prentjie kan insien, vertel hy.

"Dit gaan nie net oor vandag nie, maar oor hul toekoms. Hulle besef hulle moet die beste van hul omstandighede maak. Ons lê baie klem daarop dat die eintlike voordeel van Kaja-boerdery nie net vir hulle gaan wees nie, maar ook vir hul kinders. Hulle sien dit in. Hulle is ook betroubare mense en hulle is toegewyd tot die besigheid."

Om te verhinder dat daar wrywing en jaloesie tussen die vier werknemers en die res van die personeel ontstaan, het Goosen seker gemaak die kommunikasielyne is oop.

"Ek het van die begin af aan die werkers verduidelik dit was my besluit. As hulle kwaad is daaroor, moet hulle vir my kwaad wees, en nie vir Arrie, Koba, Adriaan en Hannes nie. Ons het ook gesê ons gaan 5% van die wins vir die werkerstrust gee, sodat hulle dit vir die maatskaplike ontwikkeling van die gemeenskap op die plaas kan gebruik. Om en by 80 mense en hul gesinne is daarby betrokke en word deur die plaas bevoordeel. En daar was nog nie een dag dat iemand ontevrede was oor ons besluit nie."

BYT VAS, DIT KOS TYD

Aangesien Kalos-boerdery die hele projek finansier, het dit ietwat makliker verloop as soortgelyke inisiatiewe, maar dit was ook nie sonder 'n paar hindernisse nie. Die grootste frustrasie was die tydperk wat dit geduur het om te kom waar hulle vandag is – almal betrokke by die projek moes 'n ding of twee oor geduld leer.

"Ons het in September 2015 al die ooreenkomste en maatskappye geregistreer. Die onderverdelingsproses het in 2016 begin en in 2017 het ons die waterregte aangekoop en oorgedra. Ons het eers in Mei vanjaar ons BTW-registrasie, ná baie gesukkel, gekry en in Augustus kon ons die grond oordra. Die onderverdeling was 'n verskriklike proses."

Goosen het in dié tyd die vier werknemers se doelwitte bestuur. "Ons het intussen verlede jaar reeds met die grondvoorbereiding begin. Die eerste bome is in Junie vanjaar aangeplant, al is die registrasie eers in Augustus afgehandel. Ons het geweet wat ons wil doen en geglo ons gaan dit gedoen kry."

Wat in hul guns getel het, is die hulp wat hulle van die Witzenberg-PALS-kantoor gekry het.

"Dis 'n goeie voertuig. Vir my het dit die besluit makliker gemaak, want sonder PALS is jy 'n enkeling wat die ding aan mekaar moet sit. Waar moet jy begin? Wie moet jy vertrou?"

Al vier die aandeelhouers in Jakkalsnek Farming het opleiding deur die Koue Bokkeveld-opleidingsentrum (KBOS) ontvang. Hulle het onder meer kursusse oor direkteurskap en aandeelhouding voltooi. "Hulle word goed bemagtig om nie net 'n passasier te wees nie, maar om 'n bydrae tot die besigheid te lewer," vertel Goosen.

KINDERS EN KLEINKINDERS GAAN WARE VRUGTE PLUK

Hul wens vir Kaja-boerdery is om volhoubaar te wees en vir ander ook werk te skep.

Só gesels me, Koba Sass, een van die aandeelhouers in Jakkalsnek Farming wat 30% in Kaja-boerdery besit.

"Ons wil nie platval nie, maar wins maak en ook ander help welvaart skep."

Mnr. Arrie Matthys, een van haar mede-aandeelhouers, sê die onderneming gaan nie vir hulle noodwendig die groot voordeel bring nie. "Dis vir ons gesinne, vir ons kleinkinders. As hulle eendag groot is, sal hulle sien ons het iets vir hulle nagelaat en hulle moet die ding vorentoe vat."

"Ja," beaam nóg 'n mede-aandeelhouer, mnr. Adriaan van Wyk, "ons het al gesien ons moet met moed hou en aangaan. Eendag sal ons nog die vrugte daarvan pluk."

Toe hulle die geleentheid kry om in vennootskap saam met mnr. Daniël Goosen te boer, was dit nie nodig om twee keer daaroor te dink nie, vertel Matthys.

"Die manier waarop Goosen boer, het ons oortuig. 'n Mens sien soms hy saai koring op 'n land, dan wonder ons, maar hoekom saai hy, die reën val nog nie... Net die moed en durf wat hy het om dit te doen, spreek boekdele. Ek dink nie ons het 'n fout gemaak om ja te sê nie."

Mnr. Hannes Kamfer sê hulle is dankbaar vir die kans om " 'n stap vorentoe te kan gee".

Matthys is ook 'n begunstigde van 'n ander projek, maar sê die Kaja-model werk baie beter omdat besluitneming makliker geskied en daar nie voortdurend konflik is nie. "Kaja is nou in die beginstadium, maar oor 'n paar jaar - as al die pryse reg is - behoort ons lekker te kan uitbrei. 'n Mens moet jou drome voor sit, nie agter nie."

Sy raad aan ander boere wat iets soortgelyks wil aanpak, is juis om by 'n instelling soos PALS te gaan aanklop.

"Hy lei jou, verduidelik die prosesse en sê wat dit jou gaan kos sodat jy 'n ingeligte besluit kan neem. Dit gaan jou kos, maar ek voel dis deel van die welwillendheid. Dan moet jy die projek deurvoer, maar moenie haastig raak nie. Dit kos tyd, en jy moet nét vasbyt."

Aan die regering wil hy sê: "Slaan ag op die boere se erns om te wil help. Die afgelope tien jaar het die gewilligheid van die boere se kant af baie verander. Regtig. Jy sit met boere wat wil help. Moet dit nie onderskat nie, maar neem dit ernstig op." LBW

Vir meer oor Kaja-boerdery en soortgelyke projekte, maak seker jy woon Landbouweekblad *en PALS se grondsimposium op 14 en 15 November in Ceres by. Kontak Jacolette Kloppers by* ***Jacolette.kloppers@media24.com*** *vir nog inligting.*

ALLPOWER
SOLAR POWERED BOREHOLE PUMPS, POWER SYSTEMS, LIGHTING & SOLAR MODULES

3-FASE SONKRAG WATERPOMPE
TOT 7000 L/H OP 20m MET NET 4 MODULES!
OMSKAKEL SONKRAG NA 3-FASE!





Ons voorsien ENIGE GROOTTE geskiedeniseerde pompe tot 75kW en selfs groter!

SPESIALE AANBOD!
TOT 7000 L/UUR op 20m
MAAK SEKER DIS VOLLEDIGE STELSELS WANNEER JY PRYSE VERGELYK
VOLLEDIG OPGEKOPPEL
EENVOUDIGE DOEN-DIT-SELF INSTALLASIE!
1 X WATERMAX GESELEKTEERDE POMP EN MOTOR
1460W SONKRAGMODULESTELSEL
1 X GEGALVANISEERDE VERSTELBARE RAAM (BAIE BELANGRIK: U POMP SAL NIE GEDURENDE AL VIER DIE SEISOENE GOED PRESTEER SONDER DAT DIE RAAM VERSTEL WORD NIE!)
25m POMPELPOMP KABEL
20m PYP MET KOPPELSTUKKE
25m VEILIGHEIDSTOU
1 X KABELLAS (DEUR ONS GELAS)
KABELVASHEGTERS
BASISPLAAT EN ELMBOOGSTUK
1 X WATERMAXOMSETTER MET FREKWENSIEBEHEER EN MPPT
R29 985
(BTW INGESLUIT, AFLEWERINGSKOSTE UITGESLUIT - ONS KAN OP ENIGE GROOT DORP NA AAN JOU AFLEWER)
Nader ons vir pryse en vloeitempos vir dieper en groter installasiestelle.

info@allpower.co.za | www.allpower.co.za
Tel: 041 451 3936 | WhatsApp: 082 436 9790

"If you want to run with the big bulls..." dan koop jy by 'n stoetery wat al verskeie toekennings verwerf het.

Bulle te koop vanaf R35,000-00 stuk.



Besoek ons gerus op Facebook of Instagram onder Bauernhof Bonsmaras of skakel ons op die volgende nommers:

Carl Kirstein
082 828 5834

Friedel Kirstein
082 465 8193

Jan Bronkhorst
082 785 5923

Bauernhof BONSMARAS